

Lees: Lukas 8:40-56

Teks: Lukas 8:54,55

Tema: *Hoorbare en sigbare gebed*

Geliefdes in onse Here Jesus Christus

Kom ons vra en sê dit reguit: Is dit nie waar dat die Here jou baie keer verras nie? Dat daar iets omkeer in jou bestaan en jy het dit op geen manier verwag nie? Soos wanneer jy in 'n emosionele doodloopstraat beland en jou gedagtes is eintlik tot stilstand geruk, jou verwagtinge, jou hoop, jou uitsien na enige uitkoms ... en dan gebeur die – vir jou – onverwagte verrassende wat jou lewe omkeer!

Ek reken dat hoe meer mens met die dinge van die Here werk en te doen kry, hoe meer raak jy bewus van sy persoonlike betrokkenheid hier reg voor jou! Dan gebeur dinge wat jy nie verwag het nie.

Ek moet persoonlik bieg dat ek al meer dikwels skuldig gevoel het wanneer die Here die verstommende en verbasende dinge bewerk – eenvoudig omdat ek SY vermoë en wil onderskat. Jy bid en vra vir iets, maar is dan nie gelowig daarin nie. Jy bid omdat jy weet dis die regte ding om te doen en jy wil dit doen – en dan word jy verras! Ek het dit nou in die afgelope paar weke meer as een maal beleef.

Warboel van mense en dinge

Wat hierdie kleingeloof natuurlik aanwakker, is die omgewingsgeraas. Die geroesemoes en lawaai van mense om jou en opinies en raad en druk. Mense wat jou bangpraat, party wat nonsens praat en jou gedagtes kom nie tot rus nie!

Kyk hoe het dit ontwikkel hier in Kapernaum waar Jesus aan wal kom. Daar is honderde mense om Hom saamgedrom. Hy is nou al goed bekend in Galilea want hy het letterlik honderde mense al genees en bevry en heelwat gepreek. Hulle noem Hom ook Meester, Rabbi. Hulle weet wie Hy is. Dit is 'n warboel van mense wat praat en druk en aandrang.

Tussen hulle is daar een man met 'n dringende versoek, 'n **gebed** – Jaïrus. Kom Here! My dogtertjie van 12 lê op sterwe en ek glo U kan iets daaraan doen! Kom tog net!

Dan kom die skare aan die beweeg.

So in die warboel is daar nog 'n desperate vrou. Sy menstrueer nou al vir 12 jaar onophoudelik en is al behoorlik deur die antieke dokters verrinneweer en verarm. Sy wil net aan Jesus se klere raak! Ook **gebed** - desperate daadgebed

Nou stop die skare weer en hierdie vrou kry Jesus se onverdeelde aandag: Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.

En dan hoor Jaïrus die ergste. Los maar vir Jesus. Dit is te laat. Die kind is dood. Moet Hom nie langer lastig val nie. Jy mors jou tyd.

NB – begrawe selfde dag.

Maar Jesus bemoedig hom – hou jy maar aan glo. Moet jou nie nou ontstel nie. Ek kom.

Warboel van opinies en emosies

By Jaïrus se huis is die geraas en geroesemoes en warboel nou hoog. Mens kan simpatie hê met hierdie mense! Die dogtertjie is dan nou net dood. So hulle huil en ween hardop en gaan tekere. Selfs as Jesus met hulle praat dan skop die emosies anderkant toe. Hulle lag Hom nou uit!

En dan! Tussen die geraas en warboel deur gaan Jesus, die pa en ma en die drie dissipels Petrus, Joh en Jak die kamer binne. Hy vat haar hand en sê net: Talita, koem. Dogtertjie, staan op!

‘n Stille oomblik in die kamer. ‘n Rustige pastorale oomblik by ‘n sterfbed. Maar ‘n verwonderende wonder gebeur daar! Lewe vloei. Goddelike energie. Krag uit die hemel self. God maak lewend. Hy keer dood in lewe om. Hy doen die totaal onverwagte. Hy het vir Jaïrus op die pad aangemoedig en gesê: Glo jy maar net. Moenie ontsteld wees nie. En nou sien jy die uitkoms!

Watter wonderlike oomblik! Watter onverwagte verrassing! Watter onbeskryflike en onvergelykbare voorreg!

Is dit nie wat dan met Jesus self gebeur het nie? Hy sterf onder lawaai en geraas, geroesemoes en warboel van mense en hulle dinge. Hy gaan die alleenheid van die graf binne. En die graf word die vertrek van verwondering. Dit word die uitgangsroete. Dit is die kamer van bevryding van die dood en die klipgetuie van die opstanding. Dit is die stille tyd waar verwondering voorberei word. So is Sy eie daad van opwekking in die dogtertjie se kamer die rustige voorspel vir Sy eie wonder wat gaan aanbreek!

Verwonderd met ekstase

Weergawe in Markus sê dat die 5 getuies in daardie kamer stom was van verbasing. Hier in Lukas praat van 2 ouers. Mens kan baie meer maak met die Grieks hier. Letterlik: Hulle was verwonderd met ekstase! Die woord in Grieks is juis *ekstasis*. Ekstase is wanneer jy so verwonderd is dat jy nie ‘n woord kan uitkry nie. Nie eers iets kan sê nie. Die oomblik is te groot vir woorde en verduideliking.

Dt maak amper die verbod van Jesus om hieroor te praat oorbodig. Hulle kon in elk geval nie praat nie! Maar Jesus waarsku hulle tog om nog nie te praat oor Sy vermoë om dooies op te wek of dat Hy ‘n dooie persoon aangeraak het nie. Die

tyd vir Sy verheerliking en verduideliking van Sy vermoëns is nog nie ryp nie. Daar moet eers nog dinge in plek kom in die koninkryk voor hierdie voller omvang van sy vermoëns uitbasuin word. Sien, Jesus wil nie 'n glansfiguur wees en word nie. Nie 'n voorbladpersoonlikheid wat geken word vir Sy opspraakwekkende dinge wat Hy kan doen nie. Hy moet nog werk!

Die verwondering met ekstase wat hier begin gebeur in hierdie klein kring gaan juis daarvoor dat die verrassende gebeur, die verbasende en verstommende. Dit wat jy nie verwag nie en wat mense jou nie noodwendig in aanmoedig om te glo nie. Onthou, die gangbare opinie van die mense was: Dit is hopeloos om Jesus nog huistoe te laat kom. SY is klaar dood. Die ander opinie van die mense by die huis van treur en huil en gaan tekere oor die onomkeerbaarheid van die dood en die seer daarvan. Selfs wanneer Jesus aan die woord kom, is die gangbare en haalbare reaksie van mense om Hom uit te lag. Om nie te glo nie.

Dit wat die Here egter doen is op 'n ander vlak. Dit maak jou verwonderd. Dit bring jou in konfrontasie met die groter werklikheid, met Sy teenwoordigheid!

So stuur die Here ook SY Gees om hierdie verwonderende geloof in die harte van mense te bewerk. Die Gees neem die waarheid en stamp dit vas in jou gemoed. Nie opinies van mense nie, maar die waarheid! Die egtheid van Jesus se woorde – moenie bang wees nie, moenie ontsteld wees nie, glo net. Die Gees werk met hierdie woorde: Glo net! Hy laat jou glo in die verrassende, die onverwagte, die ekstatische oomblik in jou klein kring.

Dit is wat ons in ons lewe nodig het. Die waarheid wat werk in jou hart en verstand waar die Gees met jou werk. Daar waar Hy jou teen hoop op hoop laat hoop. Daar waar Hy jou aanmoedig al sê mense ook wat!

Ons as kerk is redelik bloots gery deur die pers en opinies van mense. Mense skryf ons af oor hulle weergawes van die manier waarop ons werk met vroue in die ampte of ander sake waarin ons onself begewe. As jy jou heelyd steur aan al hierdie opinies en daarop wil reageer, sal hierdie kerk 'n vervaldatum haal. As ons ons steur aan die waarheid en die goddelike beloftes, sal daar verrassing en verbasing kom oor die Here se vermoëns. Onthou, ons hou vas aan groot beloftes

Maar selfs oor ons land en ons leefwereld. Ons praat onself moedeloos oor die ekonomie, die geweld, veiligheid, sekuriteit, toekoms vir ons kinders. Is ons rol dan nie om anders te wees, verrassend anders te praat en te dink nie? Is dit nie nou die geleentheid om teen die opinie en geroesemoes van mense, warboel van opinies meer te maak van die beloftes van die Here nie?

Dit begin by jou. Dit begin by hoe jy bid en hoe jy dan dink.

Daadgebed – vasgryp aan Godself! Sy Woord en beloftes.

Woordgebed - As jy maar soos Jaiirus in eenvoud jou toevlug tot Jesus neem in die bedrygheid van mense tussen jou!

Die geloofspad vorder namate jy aan die mense naaste aan jou rigting gee. Hulle verseker van jou voorbidding. Met hulle op 'n geloofspad gaan.

Maak so vir jou siniese buurman, jou hopelose baas, jou onbeholpe werknemer, die kassier by die Spar met die uitdrukkinglose moedeloosheid in haar hangskouers. Die mense op jou lewenspad.

Vertel van die Here. Help hulle om saam met jou verwonderd te staan, ekstasies in jou klein kring, dankbaar in die groter wereld!

Amen